# Lesing 41 - 22 April 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 48 ontvang op 15/11/18

"MY kind, MY kneg, jou VADER is met jou al die dae van jou lewe! Moet dit nooit vergeet! Deur elke moeilike situasie en deur elke beproewing wat EK oor jou wese stuur, suiwer EK jou deur MY LIEFDE en berei EK jou voor vir jou taak vir MY Koninkryk. Wees vrolik en EK Bekragtig jou met MY Krag van Vryheid en Waarheid. MY LIEFDE sal geskied op alle vlakke en MY Wil sal in MY Volmaaktheid ontvou en **soos 'n sagte Duif te lande kom op die Aarde van elke kind van my wat MY soek en wat die regverdigheid en Liefde nastreef.**

MY kinders, ja, EK kan 'n baie streng VADER wees met MY Woorde van vermaning en tugtiging. Maar weet dat dit is niks anders as MY LIEFDE vir julle nie. MY Vaderhart brand met MY Ewige Vlam van LIEFDE en sal nooit geblus word nie, omdat julle vanuit MY is, EK IS WAT EK IS, LIEFDE! In elke situasie wat oor julle lewens kom, is EK altyd daar met MY Leiding en Rigtingwyser. Julle moet net weet hoe en waar om MY te hoor. Julle moet innerlik gekeer wees en innerlik met MY wandel, want dit is waar EK is. EK is in jul harte en sagkens lei EK julle deur Haar, **MY Waarheidsmoeder**. Wantrou nie meer en bo alles wil EK beklemtoon: Geduld.

Julle moet **Geduld beoefen** in elke situasie deur te besef dat julle nie sonder MY Wil en sonder MY Tyd kan klaarkom nie, want net deur oor te gee aan MY en MY te volg kan julle saligheid, genesing en vryheid bekom. Net deur MY Gebooie te gehoorsaam in Vertroue en Geloof, sal julle MY Beloofde Liefdesland binnegaan. Al ken julle nie nou al die pad van môre of die gesteldheid van die toekoms nie, as julle MY gehoorsaam bo alles, dan kan julle verseker wees dat julle in MY Beloftes en Seëninge sal deel hê met 'n lewe toegewyd aan die LIEFDE en Waarheid. Julle sal gelukkig wees en geen bekommernis sal julle meer verhinder nie, omdat julle **totaal op die Geestelike**, op MY, gefokus is! Maar julle moet oefen op julle Geduld en sagmoedigheid in elke aspek en ook met elkeen van julle broers en susters. Onthou, net soos jy wat nou hier lees en waarmee MY Gees nou praat, aan MY behoort, net so behoort jou broers en susters ook aan MY en hulle sal met Geduld en LIEFDE hanteer word. **Sy aan sy moet elkeen van julle MY Wawiel van LIEFDE aan die rol hou**, want Boerevolk, **MY Ossewa-Ark** is op reis en julle moet seker maak dat julle aan boord kom deur die LIEFDE te beoefen elke dag en te bid **in LIEFDE vir mekaar**. **Seën altyd en vervloek nooit!** Staan mekaar by in MY Naam en volgens MY **Weë van die Sewe.**

Gehoorsaam MY Wet van LIEFDE MY kinders en EK nader tot julle in MY Barmhartigheid en Seën."

Openbaring 49 ontvang op 16/11/18

"MY kinders, lieflingskinders is julle vir MY. EK bring Rus oor julle siele sodra julle oorgee aan MY Wysheid en vertrou dat EK julle sal lei in julle lewens. Bekommernis is 'n groot gevaar vir julle sieleheil en ook liggaamlike gesondheid. Ook is bekommernis 'n gevolg van ongeloof in my en MY Beloftes dat EK vir julle sal sorg en voorsien. Ja, julle moet arbei en sorg vir julle families en broers en susters, maar julle moet balans uitoefen deur om EEN te word met MY en toe te laat dat Ons saam kan wandel op julle lewens se paaie.

EK wil nie net 'n VADER vir julle wees nie. EK wil vir julle soos 'n Broer en beste Vriend wees waarmee julle alles deel en waarmee julle gemaklik kan kommunikeer oor alle sake van julle lewens. Glo MY, EK is 'n goeie luisteraar, want EK luister na MY kinders wanneer hulle met Liefde en opregte hart na MY kom en gewillig is om nederig te wees. Maar EK antwoord ook soos EK volgens MY Wysheid en Liefde handel terwille van julle sieleheil. Julle siele moet gereinig word, want soveel van julle is siek. Dit is nie lekker vir julle VADER om julle so siek te aanskou nie, daarom moet julle na MY kom en MY deur "dik" en "dun" gehoorsaam en volg sodat julle harte genees kan word en omvorm kan word tot 'n vrugbare aarde vol vrugtebome wat die mooiste helderkleurigste vars vrugte vir MY en ook andere dra.

Hou moed MY kinders en strewe altyd na die **Suiwerheid en Apartgesteldheid**. Meng nie met die besoedeling en verslawing van die wêreld nie al lyk dit hoe vrugbaar! MY teenpool het ook vrugtebome waarvan die dop van elke vrug mooi lyk, maar binne-in wemel dit van wurms en suur afval!

Bekommer nie verder nie, raak kalm en wees rustig in julle harte. Kom rus in MY Skoot sodat EK julle kan omvou met MY arms en weet dat julle RUS by en in MY sal vind. MY LIEFDE bevry julle en bring vir julle nuwe Hoop en Vernuwing. **Volhard in die LIEFDE en wees getrou aan julle Geloftes**; voeg daad by julle woorde van goedgesindheid en goedhartigheid. Volhard om julle Geloof te versterk deur julle te voed met MY Brood en Wyn.

Volg die Stem in julle harte."